KOMPETISIE

Valentynsdag Kompetisie vir kliënte wat aanlyn-bestellings deur die Smaak aanlynwinkel bestel in die tydperiode tussen 18 Januarie en 07 Februarie 2023.

PRYS

2 x VIP eerste-ry kaartjies vir Kevin Hart: Reality Check by die Grand Arena, GrandWest, Kaapstad.

1. Kompetisie is geldig vanaf 18 Januarie - 07 Februarie 2023. Wenner sal op sosiale media platforms op 14 Februarie 2023 aangekondig word.
2. Die inskrywer neem kennis dat hy/sy met inskrywing die geleentheid gehad het om die bepalings en voorwaardes deur te lees voordat daar ingeskryf is.
3. Prys sal via e-pos aan die wenner uitgereik word. Wenner moet in staat wees om die vertoning by Grand Arena, GrandWest te kan bywoon. Die prys is ongelukkig nie geldig vir ander vertonings oor die land nie.
4. Die prys kan ongelukkig nie gehou word nie en **moet** op 14 Februarie 2023 gekollekteer word.
5. Enige inskrywer onder die ouderdom van 18 jaar moet met die goedkeuring van sy/haar wetlike voog inskryf. Indien die wenner van hierdie kompetisie jonger as 18 jaar oud is, moet goedkeuring skriftelik kan bewys word wanneer die prys kollekteer word.
6. Wenners word lukraak gekies en op sosiale media aangekondig. Wenners word telefonies gekontak. Indien die wenner nie telefonies gekontak kan word nie, sal 'n nuwe wenner gekies word.
7. Bewys van jou Smaak-bestelling en jou identifikasie sal vereis word wanneer die prys kollekteer word.
8. In agneming van die POPI-wet van Suid-Afrika, aanvaar inskrywers dat die wenner se naam en van op sosiale media aangekondig mag word.
9. Smaak-werknemers en hul diensverskaffers is nie geregtig tot inskrywing vir die kompetisie nie.
10. Facebook en Instagram het geen direkte betrokkenheid by die kompetisie nie.
11. Smaak behou volle reg om lede te diskwalifiseer indien verneukery vermoed word of manipulasie van kodes aangebring word.
12. Die prys vir hierdie kompetisie is ononderhandelbaar en nie terugbetaalbaar nie. Geen alternatiewe kontantprys is beskikbaar nie. Indien wenner nie die Kaap-vertoning kan bywoon nie, is die prys oordraagbaar.